

**1 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 14:53-72 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Markus 14:62**

### **Jesus se lyding en God se wêreldplan**

Dis opvallend hoe Jesus in die verhoor voor die Joodse Raad eers swyg en dan later tog praat. Hoekom swyg Hy aanvanklik? Om die Hoëpriester tot orde te roep. As voorsitter behoort hy (as geen aanklag geformuleer kan word nie) die regte ding te doen. Hy behoort Jesus vry te spreek. Deur te swyg wys Jesus hom op sy plig: of hy moet praat oor die valse getuienis wat gelewer word, of hy moet ten onregte daarvoor swyg. Die hoëpriester kies die tweede weg en voer self die aanslag verder. Soos sy mede-leiers is hy meer begaan oor sy eie koninkrykie as om reg te laat geskied in die lyding van die Man voor hom.

En dan antwoord Jesus wel op die vraag van die hoëpriester. Hy is die Seun van God. Meer nog, hulle sal “die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van God”. Vir die Raad was hierdie baie bekende woorde. Woorde wat verwys na Daniël 7 en Psalm 110 oor die wêreldplan van “Hom wat ewig lewe.” Jesus maak dit aan die Raad duidelik dat God besig is om hierdie plan van Hom deur te voer. Hulle glo nie dat Hy die beloofde Messias is nie en daarmee wil hulle Hom uit die pad kry. Jesus sê dat dit wel Hy is. Hy het die mag en sal kom om oor hulle te oordeel. Daarmee is die owerhede gewaarsku, maar hulle hoor nie.

Hoor ons nog? Die tyd waarin die wêreldgrottes hulle skynregering volhou, gaan verby. Die oomblik van afrekening kom. In tye van verdrukking is dit 'n geweldige troos vir gelowiges. Ook hulle wat tans mag uitoefen en hulle nie steur aan Hom wat alle mag het nie, moet hoor: Hy kom om rekenskap te eis. Hy eis rekenskap van hulle en ook van jou, oor hoe jy in gesins- en werksverband wys dat Christus Koning en Here is. Maak gereed vir die deurvoering van God se wêreldplan.

*Sing: Psalm 2:3,6*

*Ds BC Smit (Brits-Wes)*